

Maandag 17 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:1-11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:4-7

God gee genadegawes, geleenthede en energie om tot voordeel van almal te gebruik

Noudat Christus deur sy dood en opstanding ons in 'n wonderlike vredesverhouding met God geplaas het, noudat ons nuwe mense is, sluit God sy hemelse skatkamers vir ons oop. Sy eerste aangrypende geskenk aan ons is sy Heilige Gees. En dan stroom die geskenke na ons toe: die Heilige Gees gee genadegawes, Jesus Christus gee bedieningsgeleenthede en die Vader gee energie.

Daar is net één Bron vir die verskeidenheid van genadegawes, God die Heilige Gees. God se genade kry hande en voete byvoorbeeld wanneer ons gasvry teenoor ander is, wanneer ons ander onderrig, wanneer ons 'n sieke besoek. So bedien ons God se genade! Die Gees gee aan elkeen gawes en Hy sal niemand afskeep nie. Hy smee gelowiges tot 'n eenheid en werk kragtig deur ons wanneer ons ander met ons gawes dien. Die Here Jesus Self skep geleenthede waardeur ons ons gawes konkreet kan beoefen. Hy ken ons en weet wanneer Hy 'n deur vir liefdesdiens of vir getuienis vir ons moet oopmaak. God die Vader gee energie, die krag en deursettingsvermoë waarmee ons die gawes kan gebruik. Dit is dieselfde kragtige werk waardeur Christus uit die dood opgewek is. Die energie van die Vader laat ons opstaan om iemand wat treur, te gaan bemoedig. God gee gawes, geleenthede en energie om mekaar te dien en om Hom so te eer.

Die Gees gee aan elkeen gawes tot voordeel van die ander gelowiges en van soekendes. Geen gawe is beter of belangriker as ander nie, want almal kom van dieselfde Gees. Elkeen wat die Heilige Gees en sy gawes ontvang het en dit gebruik, bely daarmee: Jesus is Here!

Sing: Skrifberyming 1-2:1-3 (Openbaring 4 en 5)

Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)